

Cl'sent
3-9-82



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERSLAG/REPORT

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE DEPARTMENT OF JUSTICE

VAN DIE OF THE
EK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VIR DIE TYDPERK FOR THE PERIOD
LIE 1979-30 JUNIE 1980 1 JULY 1979-30 JUNE 1980

Plaaslik/Local..... R3,65
4% AVB/GST R0,15

R3,80

Buitelands/Abroad R4,60
Posvry/Post Free

ISBN 0 621 06599 4

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB2921/2 096
THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB2921/2 096

AAN SY EDELE H. J. COETSEE
Minister van Justisie

Graag lê ek hierby my verslag vir die tydperk 1.7.79 tot 30.6.80 aan u voor.

J. P. J. COETZER
Direkteur-generaal: Justisie

TO THE HONOURABLE H. J. COETSEE
Minister of Justice

I take pleasure in presenting to you herewith my report for the period 1.7.79 to 30.6.80.

J. P. J. COETZER
Director-General: Justice

U.S. Department of Justice
National Institute of Justice
82009
This document has been reproduced exactly as received from the
person or organization originating it. Points of view or opinions stated
in this document are those of the authors and do not necessarily
represent the official position or policies of the National Institute of
Justice.
Permission to reproduce this copyrighted material has been
granted by
Willard C. Van Horne
to the National Criminal Justice Reference Service (NCJRS).
Further reproduction outside of the NCJRS system requires permis-
sion of the copyright owner.

NCJRS

NOV 24 1981

ACQUISITIONS

82009

INHOUD

VOORWOORD	iv	PREFACE	iv
-----------------	----	---------------	----

AFDELING A: JUSTISIE

<i>Hoofstuk</i>	<i>Onderwerp</i>	<i>Bladsy</i>
1	Inleiding	1
2	Hoofkantoor	3
	Tak Administrasie	3
	Algemeen	4
	Finansies	5
	Inspektoraat	5
	Parlementêre Dienste	5
	Personeel	6
	Werkstudie	8
	Tak Binnelandse Veiligheid	9
	Tak Regsopleiding	10
	Tak Regspleging	12
	Regsbeplanning	12
	Regsproses	12
	Tak Wetgewing	14
3	Griffiersafdeling	14
4	Landdrosafdeling	15
5	Meestersafdeling	15
6	Prokureurs-generaalafdeling	16
7	Staatsprokureursafdeling	16
8	Staatsregsadviseursafdeling	17
9	Statistiek	17

AFDELING B: GEVANGENISDIENS

INLEIDING	30
1. FINANSIEEL	
Begroting van uitgawes	31
2. PERSONEEL	
Dienstaat	32
Werving, keuring en aanstellings	35
Personeelontwikkeling	38
Bevorderings	40
Medaljes	41
3. INLIGTINGS- EN SKAKELDIENSTE	
Openbare optredes	41
Reklame	42
Skakeling met nuusmedia	43
Besoeke	43
4. REGSDIENSTE	
Wysiging van die Wet en Regulasies	43
Verskaffing van Regsadvies	43
Voorligting oor regstoepassing in die Gevangenisdiens ..	44
Hofprosedures, hersienings, appèlle en ondersoeke	44
5. BESTUURSHULPDIENSTE	
Werkstudie	44
Algemeen	45
6. GEVANGENISADMINISTRASIE	
Tendense uit statistiese gegewens ten opsigte van	
gevangenes in bewaring	45
Gemiddelde daaglikse getal gevangenes in bewaring	46
Verspreiding van verskillende vonnisgroepe	47
Horisontale klassifikasie van gevangenes	47
Ontvlugtings	47

CONTENTS

VOORWOORD	iv	PREFACE	iv
-----------------	----	---------------	----

SECTION A: JUSTICE

<i>Chapter</i>	<i>Subject</i>	<i>Page</i>
1	Introduction	1
2	Head Office	3
	Administration Branch	3
	General	4
	Finance	5
	Inspectorate	5
	Parliamentary Services	5
	Staff	6
	Work Study	8
	Internal Security Branch	9
	Legal Training Branch	10
	Administration of Justice Branch	12
	Legal Planning	12
	Legal Process	12
	Legislation Branch	14
3	Registrars' Division	14
4	Magisterial Division	15
5	Masters' Division	15
6	Attorneys-General Division	16
7	State Attorneys' Division	16
8	State Law Advisers' Division	17
9	Statistics	17

SECTION B: PRISON SERVICE

INTRODUCTION	30
1. FINANCIAL	
Estimates of expenditure	31
2. PERSONNEL	
Establishment	32
Recruiting, selection and appointments	35
Personnel development	38
Promotions	40
Medals	41
3. INFORMATION AND LIAISON SERVICES	
Public appearances	41
Publicity	42
Liaison with news media	43
Visits	43
4. LEGAL SERVICES	
Amendment of the Act and Regulations	43
Provision of legal advice	43
Guidance with regard to administration of laws in the	
Prison Service	44
Court procedures, revisions, appeals and investigations	44
5. MANAGEMENT AUXILIARY SERVICES	
Work Study	44
General	45
6. PRISON ADMINISTRATION	
Trends revealed by statistical information in respect of	
prisoners in custody	45
Average daily number of prisoners in custody	46
Distribution of various sentence groups	47
Horizontal classification of prisoners	47
Escapes	47

7. VRYLATINGS		7. RELEASES	
Die spanbenadering met betrekking tot die behandeling van gevangenes, met inbegrip van die vrylating van gevangenes met vonnisse van 2 jaar en langer	47	The team approach with regard to the treatment of prisoners including the release of prisoners with sentences of two years and longer	47
8. GESPECIALISEERDE BEHANDELING		8. SPECIALISED TREATMENT	
Opvoedkundige dienste	50	Educational services	50
Maatskaplike werk	52	Social work	52
Sielkundige dienste	52	Psychological services	52
Gesondheidsdienste	53	Health services	53
9. GEESTELIKE VERSORGING		9. SPIRITUAL CARE	
Streekkapelane	53	Regional chaplains	53
Kontak met kerke	54	Contact with churches	54
Konferensies	55	Conferences	55
Ander byeenkomste	55	Other gatherings	55
Geestelike werkers	55	Spiritual workers	55
Bybels en biblioteke	56	Bibles and libraries	56
10. BEDRYWE		10. INDUSTRIES	
Bouwerke	56	Building works	56
Landbou	57	Agriculture	57
Werkwinkels	57	Workshops	57

LYS VAN TABELLE

1. Begroting van uitgawes volgens programme	58	1. Estimates of expenditure according to programmes	58
2. Begroting van uitgawes volgens standaarditems	59	2. Estimates of expenditure according to standard items	59
3. Personeelverliese	59	3. Terminations of service	59
4. Werwingsresultate	60	4. Recruiting results	60
5. Kursusse deur lede bygewoon (alle bevolkingsgroepe)	60	5. Courses attended by members (all population groups)	60
6. Staatsdiensbeurse toegeken aan lede	61	6. Public Service bursaries awarded to members	61
7. Gevangenes in bewaring op 30 Junie 1980	62	7. Prisoners in custody on 30 June 1980	62
8. Daaglikse gemiddeldes: Gevonniste en ongevonniste gevangenes	63	8. Daily averages: Sentenced and unsentenced prisoners	63
9. Gevangenes opgeneem gedurende die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980	64	9. Prisoners admitted during the period 1 July 1979 to 30 June 1980	64
10. Vonnisverspreiding van gevangenes opgeneem gedurende die verslagjare 1970/71 tot 1979/80 uitgedruk as persentasies	65	10. Sentence distribution of prisoners admitted during the years 1970/71 to 1979/80 expressed as percentage	65
11. Kinders (suigeling) in gevangenis gedurende die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980	65	11. Children (infants) in prison during the period 1 July 1979 to 30 June 1980	65
12. Ontvlugtings	65	12. Escapes	65
13. Sterfgevallen—Ongevonniste gevangenes	66	13. Deaths: unsentenced prisoners	66
14. Sterfgevallen—Gevonniste gevangenes	66	14. Deaths: sentenced prisoners	66
15. Gevangenes op parool vrygelaat	67	15. Prisoners released on parole	67
16. Vaktotse—Gevangenes	67	16. Trade tests—prisoners	67
17. Boerderybedrywighede	68	17. Farming activities	68
18. Lewende hawe op 30 Junie 1980	68	18. Livestock as at 30 June 1980	68

LIST OF TABLES

VOORWOORD

Die rasionalisasie van die sentrale staatsdiens het tot gevolg gehad dat die Aktesafdeling en die tak Drank van die Departement van Justisie op 1 Junie 1980 onderskeidelik aan die departemente wat nou bekend is as die Departement van Gemeenskapontwikkeling en Owerheidshulpdienste en die Departement van Nywerheidswese, Handel en Toerisme oorgedra is. Die Departement van Gevangenisne het op 1 November 1980 deel van die Departement van Justisie geword.

As gevolg van die veranderinge is daar besluit dat ek nie aan u verslag sal doen oor die werk van die dele van die Departement wat aan ander departemente oorgedra is tydens die verslagtydperk nie. Om doelmatigheidsredes sluit ek daarenteen die verslag van die gewese Departement van Gevangenisne hierby in, alhoewel die Departement van Justisie en Gevangenisne tydens die verslagtydperk nog afsonderlike departemente was.

Die Departement van Justisie het in die verlede verslag gedoen oor die werk van 'n kalenderjaar, terwyl statistieke verstrek is vir die tydperk 1 Julie in die vorige jaar tot 30 Junie in die verslagjaar. Die Departement van Gevangenisne het in die verlede verslag gedoen oor die tydperk 1 Julie tot 30 Junie. Met die oog op eenvormigheid sal daar voortaan deurgaans verslag gedoen word oor die tydperk 1 Julie tot 30 Junie.

PREFACE

The rationalisation of the central Public Service resulted in the transfer on 1 June 1980 of the Deeds Division and the Liquor Branch of the Department of Justice to the departments now known as the Department of Community Development and State Auxiliary Services and the Department of Industries, Commerce and Tourism, respectively. The Department of Prisons became part of the Department of Justice on 1 November 1980.

In view of these changes, it has been decided not to report to you about the work of the sections of the Department which were transferred to other departments during the period under review. On the other hand I, for reasons of efficiency, include the report of the former Department of Prisons although the Departments of Justice and Prisons were separate departments during the period covered by the report.

The Department of Justice in the past reported on the work of a calendar year, although statistics were furnished for the period 1 July of the previous year to 30 June of the year under review. The Department of Prisons in the past reported for the period 1 July to 30 June. With a view to uniformity the period reported on will in future be 1 July to 30 June.



JUSTISIE JUSTICE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Opleiding

1.1 In die jongste tyd is veral baie klem op die opleiding en ontwikkeling van beamptes gelê om sodoende optimale personeelbenutting te verseker.

1.2 Opleiding omvat al daardie handelinge waardeur toepaslike kennis, vaardighede en gesindhede ontwikkel word ten einde beamptes te bekwaam of beter te bekwaam vir die werk verbonde aan die pos wat hulle beklee of moontlik kan beklee. Opleiding is derhalwe as 'n belangrike deel van die bewustelike vorming van die beampte gesien en is nie terloops nie maar doelbewus, behoeftegerig en planmatig aangepak. Opleiding is die taak van die Departementele Opleidingskomitee in samewerking met die Tak: Regsopleiding, die Departementele Inspekteurs, die Departementele Opleidingsbeampte en elke toesighouer. Verder is die taak om self te leer en ander te help leer as 'n belangrike addisionele plig beskou wat op iedereen se pligtestaat verskyn—die uitvoering hiervan is ook by die bepaling van beamptes se verdienstelikheid in oorweging geneem. Alle beamptes en werknemers neem gevolglik aan 'n program van opleiding en ontwikkeling deel.

1.3 Naas die funksionele, taakgerigte opleiding wat op 'n deurlopende grondslag deur inspekteurs en toesighouers in alle afdelings en kantore onderneem is, het opleiding die afgelope jaar ook die volgende behels:

- (i) Administratiewe opleiding deur die Opleidingsbeampte, wat kursusse en lesings insluit oor personeelontwikkeling, -benutting en -evaluering en wat onder andere daarop toegespits is om toesighoudende beamptes toe te rus om in hul eie gespesialiseerde opset na die opleiding en ontwikkeling van hul personeel om te sien.
- (ii) Funksionele opleiding, deur die Tak: Regsopleiding, wat kursusse van wisselende tydsduur insluit om aanklaers, akte- en boedelondersoekers, hofholke, landdroste en takseermeesters beter te bekwaam vir die verrigting van hul werksaamhede op die operasionele vlak. Hierbenewens is daar ook, op versoek van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, kursusse aangebied vir verkeersbeamptes.
- (iii) Akademiese onderrig om beamptes wat vir 'n minimum regs kwalifikasie studeer te help. Dit stel hulle gouer in staat om tot die vakkundige diensstaat toe te tree. Die Tak: Regsopleiding bied, tydens kursusse, lesings aan in alle voorgeskrewe vakke vir die Diploma Iuris en die B.Iuris-graad van die Universiteit van Suid-Afrika asook vir die Nasionale Diploma in die Registrasie van Aktes van die Departement van Nasionale Opvoeding.

1.4 Aangesien beamptes nie alleen vir hulle taak toegerus moet word nie, maar ook goed ingelig en voortdurend op die hoogte van sake moet bly, gee die Opleidingskomitee 'n informele nuusbrief uit, getiteld „Communicatio”, wat twee keer per jaar gedruk en versprei word. Hierdie publikasie volg administratiewe en funksionele kursusse op met literatuur en dra ander inligting in verband met ontwikkelinge op die opleidingsgebied oor. Alle beamptes is uitgenooi om deel te neem aan hierdie kommunikasie deur middel van bydraes of versoeke om spesifieke inligting.

CHAPTER 1

INTRODUCTION

Training

1.1 Considerable emphasis has recently been placed on the training and development of officers, in order to ensure optimum staff utilisation.

1.2 Training comprises all measures through which appropriate knowledge, skills and attitudes are developed so as to equip or better to equip officers for the duties attached to the post they hold or may hold in future. Training is therefore regarded as an important part of the conscious moulding of officers and is not undertaken incidentally but is purposefully planned and geared to the demands of the work. Training is the responsibility of the Departmental Training Committee, in collaboration with the Legal Training Branch, the Departmental Inspectors, the Departmental Training Officer and every supervisor. Self-education, and helping others to acquire knowledge, are furthermore important additional duties appearing on everyone's duty sheet—and the performance of these duties is also evaluated when officers are merit assessed. All officers and employees therefore participate in a programme of training and development.

1.3 Apart from the functional, task-oriented training undertaken on a continuous basis by inspectors and supervisors in all divisions and offices, training during the past year also comprised the following:

- (i) Administrative training by the Training Officer, which included courses and lectures on staff development, utilisation and evaluation and which was aimed, *inter alia*, at equipping supervisory personnel for the training and development of their staff in their own specialised field.
- (ii) Functional training by the Legal Training Branch, which included courses of varying duration for prosecutors, court interpreters, examiners of deeds and estates, magistrates and taxing masters so as better to equip them for the execution of their duties at the operational level. In addition, courses were also held for traffic officers—at the request of the Transvaal Provincial Administration.
- (iii) Academic tuition was offered to assist officers studying for a minimum legal qualification. This enables them to qualify for appointment to the professional staff in a shorter period. During courses, the Legal Training Branch offers lectures on all the prescribed subjects for the Diploma Iuris and the B.Iuris degree of the University of South Africa as well as the National Diploma in the Registration of Deeds issued by the Department of National Education.

1.4 As officers should not only be equipped for their task but also be well-informed and should continually keep abreast of developments, the Training Committee issues an informal newsletter entitled “Communicatio”, which is printed and distributed bi-annually. This publication augments administrative and functional courses with literature and conveys other information relative to developments in the field of training. All officers are invited to take an active interest in this communication by submitting contributions or requests for specific information. Although this news-

Alhoewel hierdie nuusbriëf primêr bestem is vir opleiding is dit gebruiklik om ook ander aangeleenthede van gemeenskaplike belang daarin te bespreek.

Personeel

1.5 Die personeelposisie in die Departement is steeds sorgwekkend. Die tekort aan opgeleide en kundige personeel het alreeds meegebring dat dienste in die Departement se funksionele terrein opgeskort moes word. Met die beskikbare personeel kon daar nie in geslaag word om deurgaans doeltreffende diens te lewer nie.

Dankbetuiging

1.6 Ten spyte van die personeeltekort het die beamptes van die Departement oor die algemeen weer diens van hoë gehalte gelewer en sodoende die Departement in staat gestel om sy funksies te vervul. Ek wil derhalwe graag my opregte dank aan hulle betuig vir hulle lojaliteit en onbaatsugtige diens in belang van die Staat en die gemeenskap wat hulle dien.

Geheelbeeld van organisasie

1.7 Die volgende is 'n geheelbeeld van die Departement van Justisie se organisasie op 30 Junie 1980 as inleiding tot die hoofstukke wat volg:

letter is intended primarily for training, it is customary to discuss other matters of common interest in it as well.

Staff

1.5 The staff position in the Department is still critical. The shortage of trained and skilled staff has already brought about the suspension of services in the Department's functional sphere. With the available staff it was found impossible to render efficient services at all times.

Acknowledgement

1.6 In spite of the staff shortage, the officers of the Department have in general rendered service of a high standard and have therefore enabled the Department to fulfil its function. I wish to express my sincere thanks to them for their loyalty and selfless service for the benefit of the State and the society they serve.

Overall picture of organisation

1.7 The following overall picture of the organisation of the Department of Justice at 30 June 1980 serves as an introduction to the following chapters:

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

HOOFKANTOOR Sekretaris van Justisie

- 366 Poste
- Administreer Departement en adviseer Regering

GRIFFIERSAFDELING — verrig administratiewe pligte in verband met die Hooggeregshof.
• Griffiers van die Hooggeregshof
• 10 kantore — 304 poste

LANDDROSAFDELING — hanteer regspleging in laer howe.
• Landdroste in elke distrik
• 306 kantore — 3 272 poste

MEESTERSAFDELING — hou toesig oor bereddering van boedels.
• Meesters van die Hooggeregshof
• 6 kantore — 362 poste

PROKUREURS-GENERAALAFDELING — neem vervolgings in geregshowe waar.
• Prokureurs-generaal, Staatsadvokate en Staatsaanklaers
• 8 kantore — 817 poste

STAATSPROKUREURSAFDELING — verrig prokureurswerk vir staatsinstellings.
• Staatsprokureurs
• 6 kantore — 265 poste

STAATSPROKUREURSAFDELING — verskaf regsadvies vir staatsinstellings en formuleer wetsontwerpe.
• Hoofstaatsregsadviseur en Staatsregsadviseurs
• 36 poste

HEAD OFFICE Secretary for Justice

- 356 posts
- Administers the Department and advises the Government

REGISTRARS' DIVISION — Performs administrative duties in regard to the Supreme Court.
• Registrars of the Supreme Court
• 10 offices—304 posts

MAGISTERIAL DIVISION — Deals with the administration of justice in lower courts.
• Magistrates in all districts
• 306 offices — 3 272 posts

MASTERS' DIVISION — Supervises the administration of estates.
• Masters of the Supreme Court
• 6 offices — 362 posts

ATTORNEYS'-GENERAL DIVISION — Conducts prosecutions in courts of law.
• Attorneys-General, State Advocates and State Prosecutors
• 8 offices — 817 posts

STATE ATTORNEYS' DIVISION — Performs attorney's work for public institutions.
• State Attorneys
• 6 offices — 265 posts

STATE LAW ADVISERS' DIVISION — Furnishes legal advice to public institutions and drafts bills.
• Chief State Law Adviser and State Law Advisers
• 36 posts

HOOFSUK 2

HOOFKANTOOR

2.1 Die Sekretaris van Justisie en die Departement se Hoofkantoor het die administrasie van die Departement behartig en die Regering oor verskillende sake geadviseer. Die Hoofkantoor, wat in Pretoria geleë is, bestaan uit verskeie takke. Die teks van hierdie hoofstuk word dienooreenkomstig ingedeel.

TAK ADMINISTRASIE

2.2 Die Tak het ses Afdelings, naamlik:

- Algemeen*, wat verantwoordelik is vir kantoorakkommodasie, amptelike behuising, meublement, skryfbehoeftes, biblioteke, kantoormasjiene en gemeganiseerde stelsels, asook vir die administratiewe pligte verbonde aan die aanstelling van regters, presidente van vergoedingshowe, senior advokate, vrederegters, kommissarisse van ede, taksateurs, geregsbodes en adjunk-balju's, die afbakening van landdrosdistrikte en die instelling van kantore en howe;
- Finansies*, wat verantwoordelik is vir die opstel van die Departementele begroting, die beheer

CHAPTER 2

HEAD OFFICE

2.1 The Secretary for Justice and the Head Office of the Department dealt with the administration of the Department and advised the Government on various matters. The Head Office, situated in Pretoria, comprises several branches. This Chapter has been subdivided accordingly.

ADMINISTRATION BRANCH

2.2 The Branch has six divisions, namely:

- General*, which is responsible for office accommodation, official housing, furniture, stationery, libraries, office machines and mechanised systems, and also for the administrative work incidental to the appointment of judges, presidents of compensation courts, senior counsel, justices of the peace, commissioners of oaths, appraisers, messengers of the court and deputy sheriffs, the delimitation of magisterial districts and the establishment of offices and courts;
- Finance*, which is responsible for the drawing up of the Departmental budget, control over finan-

oor finansiële transaksies en die besoldiging van personeel;

- (c) *Inspektoraat*, wat daarvoor verantwoordelik is om doeltreffende werk in subkantore te bevorder;
- (d) *Parlementêre Dienste*, wat verantwoordelik is vir die verskaffing van dienste in die Departement se kantoor in Kaapstad tydens Parlementsittings, asook aan die staatsregadviseurs aldaar;
- (e) *Personeel*, wat daarvoor verantwoordelik is om die Departement van personeel te voorsien en om die personeel se belange te behartig;
- (f) *Werkstudie*, wat verantwoordelik is vir werkvereenvoudiging, die optimale benutting van mannekrag en meganiese hulpmiddels en die bepaling van werknorme vir doeleindes van personeelvoorsiening.

(a) AFDELING ALGEMEEN

(i) *Statutêre aanstellings*

2.3 Die aantal statutêre aanstellings het redelik konstant gebly behalwe dat 29 meer vrederegters en 25 meer presidente van vergoedingshowe aangestel is.

(ii) *Meganiese klankopnametoerusting in die howe*

2.4 Die nuwe hofopnamestelsel is nou feitlik in alle landdroshowe en in die Hooggeregshof, Pretoria, in gebruik geneem.

(iii) *Akkommodasie*

2.5 Nuwe landdroskantoorgeboue te Paarl, Sebokeng en Wynberg (K) is in aanbou. Bouwerk verloop volgens plan. Bouwerk aan die addisionele akkommodasie vir die Landdroskantoor, Pretoria, het 'n aanvang geneem. Drie-en-twintig nuwe howe sal voorsien word en sodoende sal die ongerief deurdat 'n aantal tydelike howe tans in drie verskillende geboue gehuisves word, uitgeskakel word. Planne vir nuwe landdroskantoorgeboue te Atlantis (distrik Malmesbury) en Potchefstroom en vir die aanbouings te Kuilsrivier geniet aandag. Bouwerk aan die nuwe hooggeregshofgebou in Pietermaritzburg en aanbouings aan die hooggeregshofgeboue in Johannesburg en Bloemfontein nader voltooiing.

Besonderhede van belangrike projekte wat op die Departement van Gemeenskapsontwikkeling en Owerheidshulpdienste se bouprogram vir die vyfjaar-tydperk 1981 tot 1986 geplaas is, is soos volg:

Gebou	Tenderdatum (indien beskikbaar)
Barkly-Wes: Nuwe landdroskantoorgebou	Februarie 1981
Bloemfontein: Aanbouings aan Hooggeregshof	Oktober 1982
Kaapstad: Aanbouings aan Hooggeregshof	—
Delmas: Nuwe landdroskantoor	Februarie 1981
Dordrecht: Nuwe landdroskantoor	September 1980
Middelburg (T): Nuwe landdroskantoor	—
Pietersburg: Nuwe landdroskantoor	—
Pinetown: Aanbouings aan landdroskantoor	Junie 1984

cial transactions and the remuneration of personnel;

- (c) *Inspectorate*, which is responsible for the promotion of efficient work in suboffices;
- (d) *Parliamentary Services*, which is responsible for the rendering of services in the Department's office in Cape Town during Parliamentary sessions and also to the State law advisers there;
- (e) *Staff*, which is responsible for staffing the Department and for looking after the interests of the staff;
- (f) *Work Study*, which is responsible for the simplification of work, optimum utilisation of manpower and mechanical aids and the determination of work norms for staffing purposes.

(a) GENERAL DIVISION

(i) *Statutory appointments*

2.3 The number of statutory appointments remained reasonably constant except that appointments of justices of the peace and presidents of compensation courts increased by 29 and 25, respectively.

(ii) *Mechanical court recording equipment*

2.4 The new court recording system has now been put into operation in almost all magistrates' courts and in the Supreme Court in Pretoria.

(iii) *Accommodation*

2.5 Construction work on the new magistrate's office buildings at Paarl, Sebokeng and Wynberg (C) is progressing according to schedule. Construction work in connection with additions to the Magistrate's Office, Pretoria, has also commenced. The project involves the provision of twenty-three new courts to replace temporary courts which are at present being housed in three different buildings. Plans for the erection of new magistrate's office buildings at Atlantis (District of Malmesbury) and Potchefstroom as well as for additions to the office at Kuils River are being finalised. The construction of the supreme court buildings in Pietermaritzburg and extensions to the supreme court buildings in Johannesburg and Bloemfontein are nearing completion.

Particulars of important projects that have been placed on the building programme of Community Development and State Auxiliary Services for the five-year period 1981-1986 are as follows:

Building	Tender date (where available)
Barkly West: New magistrate's office	February 1981
Bloemfontein: Additions to Supreme Court	October 1982
Cape Town: Additions to Supreme Court	—
Delmas: New magistrate's office	February 1981
Dordrecht: New magistrate's office	September 1980
Middelburg (T): New magistrate's office	—
Pietersburg: New magistrate's office	—
Pinetown: Additions to magistrate's office	June 1984

Gebou	Tenderdatum (indien beskikbaar)	Building	Tender date (where available)
Pretoria: Aanbouings aan Hooggeregshof: Voorsiening van Justisiekompleks	Maart 1983	Pretoria: Additions to Supreme Court: Provision of Justice Complex	March 1983
Pretoria: Justisie-opleidingskollege	Maart 1982	Pretoria: Justice training college	March 1982
Secunda: Nuwe landdroskantoor	—	Secunda: New magistrate's office	—
Atlantis (Malmesbury): Nuwe landdroskantoor	Maart 1982	Atlantis (Malmesbury): New magistrate's office	March 1982
Mitchells Plain (Wynberg): Nuwe landdroskantoor	—	Mitchells Plain (Wynberg): New magistrate's office	—
Kathu: Nuwe landdroskantoor	Oktober 1981	Kathu: New magistrate's office	October 1981
Kimberley: Nuwe landdroskantoor	Julie 1982	Kimberley: New magistrate's office	July 1982
Newcastle: Nuwe landdroskantoor	—	Newcastle: New magistrate's office	—
New Brighton (Port Elizabeth): Nuwe takhofgebou	Augustus 1982	New Brighton (Port Elizabeth): New branch court building	August 1982
Vredenburg: Nuwe landdroskantoor	—	Vredenburg: New magistrate's office	—
Potchefstroom: Nuwe landdroskantoor	Oktober 1981	Potchefstroom: New magistrate's office	October 1981

2.6 'n Amptelike woning is in Paulpietersburg opgerig. Amptelike wonings sal ook binnekort in Lindley en Harrismith voorsien word.

2.6 An official residence has been erected in Paulpietersburg. Official residences are to be provided at Lindley and Harrismith in the near future.

(b) AFDELING FINANSIES

2.7 Die algemene salarisaanpassings asook struktuurveranderings in verskeie afdelings van die Departement met ingang van 1 April 1980 het heelwat addisionele werk in die seksie wat salarisbetalings hanteer, tot gevolg gehad.

2.8 Oorskakeling van die Departement se rekeningstelsel na die Finansiële Bestuurstelsel (doelwitbegroting) geniet tans aandag en twee beamptes is vir die taak afgesonder.

2.9 Streng kontrole oor uitgawes word uitgeoefen om te verseker dat besteding binne die raamwerk van bewilligde fondse geskied.

(b) FINANCE DIVISION

2.7 The general salary adjustments and structural changes in various Divisions of the Department with effect from 1 April 1980 resulted in considerable additional work for the section dealing with salary payments.

2.8 A change-over from the Department's accounting system to the Financial Management System (budgeting by objectives) is at present receiving attention and two officials have been designated to the task.

2.9 Strict control is exercised over expenditure to ensure that it is kept within the framework of the voted funds.

(c) AFDELING INSPEKTORAAT

2.10 Ten einde in die voortdurende opleidingsbehoefte te voorsien, is subkantore weer eens op 'n gereelde grondslag besoek. Op enkele uitsonderings na is alle kantore binne 'n bestek van twee jaar besoek.

2.11 Gereelder inspeksies gedurende die afgelope aantal jare werp steeds vrugte af. So is dit opmerklik dat administratiewe leemtes wat tydens vorige inspeksies geïdentifiseer is, in die meeste gevalle nie meer voorkom nie en dat die werk by die meeste kantore gevolglik doeltreffend verrig word. Tydens inspeksies word onder andere ook bepaal of die goedgekeurde organisatoriese indelings in ooreenstemming met die behoeftes van die kantore is. Verskeie dienstaondersoek is dan ook uitgevoer. In die proses is verskeie addisionele poste aanbeveel, terwyl daar in sommige kantore bevind is dat poste afgeskaf kan word.

(c) INSPECTORATE DIVISION

2.10 In order to meet the continuous need for training, suboffices were again visited regularly. With a few exceptions all the offices were inspected within a period of two years.

2.11 The more regular inspections of the past few years are continuing to bear fruit. It is notable that administrative problem areas previously identified no longer exist in most instances, with the result that the work is being efficiently performed at present in the majority of the offices. During inspections inspectors also determine whether the approved organisational structures are in accordance with the needs of the offices and several establishment investigations were also carried out. In the process, several additional posts were recommended and it was found that at some offices certain posts could be abolished.

(d) AFDELING PARLEMENTÊRE DIENSTE

2.12 Dié Afdeling is hoofsaaklik verantwoordelik vir die koördinasie van werksaamhede tussen Hoofkantoor, die Departement se Parlementêre sessiekantoor en die Ministerie. Die Afdeling is ook verantwoordelik vir die voorbereiding van stukke wat be-

(d) PARLIAMENTARY SERVICES DIVISION

2.12 This Division is mainly responsible for the co-ordination of work between Head Office, the Department's sessional office and the Ministry. The Division is also responsible for the preparation of documents relating to discussions of the activities of the

trekking het op besprekings van die Departement se werksaamhede in die Parlement, byvoorbeeld die verskaffing van inligting sodat u op vrae kan antwoord, en die voorbereiding van stukke vir die bespreking van die Departement se begrotingspos. In dié verband is die Afdeling in groot mate afhanklik van die bystand van die onderskeie takke in Hoofkantoor. Gedurende die 1980-sitting is 55 vrae vir mondelinge of skriftelike beantwoording aan u voorganger gestel.

2.13 Die hoof van die Afdeling tree ook op as die Departement se interne skakelbeampte en persskakelbeampte. Die interne skakeldiens bied aan elke beampte in die Departement die geleentheid om persoonlike aangeleenthede direk onder die Departementshoof se aandag te bring.

(e) AFDELING PERSONEEL

2.14 Die ondersoek van die Kommissie vir Administrasie na die struktuur van die Landdrosafdeling en ander regsgroepe in die Departement is afgehandel. Die Kommissie het verskeie organisatoriese en struktuurveranderinge in die Landdros-, Prokureurs-generaal-, Staatsprokureurs- en Staatsregsadviseursafdeling aanbeveel. Die veranderinge is in breë trekke die volgende:

(aa) Die Landdrosafdeling

Die belangrikste verandering in hierdie afdeling is die instelling van twee afsonderlike organisasiekomponente, naamlik Streekhof en Distrikshof. In eersgenoemde komponent is daar ten opsigte van elke streekhofsetel 'n Streekhofpresident in bevel. Die salarisstruktuur ten opsigte van die rang Streeklansdros is ontkoppel van dié vir Landdroste. Dit is ook verbeter en verleen erkenning aan die besondere verantwoordelikheid wat op hierdie regsprekende beamptes rus. In die distrikshofkomponent is die voorhersiende range van Landdros en Senior en Eerste Landdros gekombineer in een rang, naamlik Landdros, en 'n salarisstruktuur met 'n koppelskaal ingevoer. Die uitkakeling van die verskillende range en die daarstelling van 'n salarisstruktuur wat dit moontlik maak vir beamptes om te vorder sonder dat daar op die ontstaan van vakatures in hoër range gewag hoef te word, het gunstige vorderingsmoontlikhede tot gevolg. Daarbenewens word verplasinge beperk deurdat landdroste van die een na die ander been van die salarisskaal kan vorder sonder dat hulle na plekke waar poste van gepaste gradering bestaan, verplaas hoef te word.

(bb) Prokureurs-generaalafdeling

'n Nuwe salarisstruktuur en die instelling van 'n nuwe beroepsgroep, Staatsadvokaat/Staatsaanklaer, is die belangrikste veranderinge. Die salarisstruktuur vir hierdie groep stem ooreen met dié vir Landdroste en hou dieselfde voordele in. Die identifisering van en beslaggewing aan 'n nuwe beroepsgroep, naamlik Staatsaanklaer, is 'n belangrike innovasie. Voorheen het daar nie 'n erkende beroepsrigting vir aanklaers wat vervolgings in landdroshof waarneem, bestaan nie. Hulle loopbaan was gerig op die regsprekende funksie en hulle is gevolglik op 'n relatief vroeë stadium aan aanklaerspligte onttrek om regbankwerk te verrig. Die

Department in Parliament, for example, it is responsible for supplying information to enable you to reply to questions put to you in Parliament. The preparation of documents for the discussion of the Department's vote is also undertaken. In this regard the Division relies to a large extent on the assistance of the various other branches at Head Office. During the 1980 session, 55 questions for oral or written reply were put to your predecessor.

2.13 The head of the Division also acts as the Department's internal liaison officer and press liaison officer. The internal liaison service gives every officer in the Department the opportunity to bring personal matters directly to the attention of the head of the Department.

(e) STAFF DIVISION

2.14. The investigation of the Commission for Administration of the structure of the Magisterial Division and other legal groups within the Department has been completed. The Commission has recommended various organisational and structural changes in the Magisterial, Attorneys'-General, State Attorneys' and State Law Advisers' Divisions. The changes are, in broad outline, the following:

(aa) The Magisterial Division

The most important change in this Division is the establishment of two distinct organisational components for the regional and district courts. In the former component a Regional Court President has been placed in control at the seat of each regional court. The salary structure of regional magistrates has been detached from that of magistrates. It has also been improved and now affords recognition for the exceptional responsibility resting upon these judicial officers. In the district court component the former ranks of Magistrate, Senior and Principal Magistrate have been combined into one rank, viz Magistrate, and a salary structure with linked scales has been introduced. The elimination of the various ranks and the introduction of a salary structure which makes it possible for officers to progress irrespective of vacancies in the higher ranks provides favourable opportunities for advancement. Besides this, transfers are further limited in that magistrates can progress from one leg of the salary scale to the other without having to be transferred to places where posts of appropriate grading exist.

(bb) Attorneys-General Division

A new salary structure and the introduction of a new occupational group, namely State Advocate/Public Prosecutor, are the most important changes. The salary structure for this group corresponds to that for Magistrate and includes the same benefits. The identification and establishment of a new professional group, viz Public Prosecutor, is an important innovation. There was formerly no recognised professional group for prosecutors conducting prosecutions in magistrates' courts. Their career was essentially aimed at the judicial function and they were consequently withdrawn from prosecuting duties to serve on the bench at a relatively early stage. The disadvantage was that specialised knowledge built up among the

nadeel hiervan was die feit dat spesialiteitskennis in aanklaersgeledere nie in die landdroshof behou kon word nie. Ofskoon daar steeds uitruilbaarheid tussen die groepe Landdros en Staatsaanklaer sal wees, stel die nuwe bedeling 'n vorderingsloopbaan daar wat dit moontlik maak om 'n korps ervare en kundige staatsaanklaers vir die landdroshof op te bou.

(cc) Staatsprokureursafdeling

Die belangrikste verandering is die afskaffing van die pos van Hoofstaatsprokureur asook alle poste van Adjunk-hoofstaatsprokureur by takkantore. Ter vervanging is poste van Staatsprokureur, waarvan die bekleërs as hoofde van die onderskeie kantore sal optree, geskep. Dié innovasie bring mee dat behoudens die nodige wysiging van die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (Wet 56 van 1957), elke staatsprokureurskantoor onafhanklik sal optree en volle staatsprokureurstatus sal geniet.

(dd) Staatsregsadviseursafdeling

Die salarisstruktuur wat vir die beroepsgroep Staatsregsadviseurs aanbeveel is, is ingevolg die beginsel van beroepsdifferensiasie ontkoppel van dié van ander regsgroepe. Die range Staatsregsadviseur en Senior Staatsregsadviseur is gekombineer om 'n koppelskaal daar te stel. Hoewel die salarisstruktuur op die lang termyn gunstig blyk te wees, skeep dit nog op die kort termyn probleme aangesien dit ongunstig vergelyk met die vorderingsmoontlikhede in ander regsgroepe. Hieraan word tans aandag geskenk.

2.15 Een van die probleme wat steeds aandag moet geniet, is die ontmoedigende salaris wat aan regsgekwalfiseerde werwelinge en die jong beampte wat regs-kwalifikasies verwerf, aangebied kan word. Indien 'n aanvaarbare salaris aan die beginner betaal word, sal baie probleme, veral wat bedankings betref, opgelos wees. Hierdie aangeleentheid geniet tans aandag. Die enigste nie-regsgroep wat deur die ondersoek geraak is, is die Hoffolke. Ook vir hierdie belangrike groep beamptes is daar 'n gunstiger salarisstruktuur aanbeveel.

2.16 Belangrike aanstellings wat gedurende die verslagjaar gedoen is, is die volgende:

(i) Streekhof: Die volgende Streekhofpresidente is aangestel:

Meneer L. L. A. McKay, Durban
Meneer M. J. Prins, Pretoria
Meneer C. B. van Zyl, Port Elizabeth
Meneer T. P. Roberts, Kaapstad
Meneer L. V. de Kock, Johannesburg
Meneer C. P. J. Steytler, Bloemfontein

(ii) Landdrosafdeling: Die volgende beamptes is as Hooflanddroste aangestel:

Meneer J. A. van Dam, Johannesburg
Meneer P. G. Kühn, Bloemfontein
Meneer W. F. Krugel, Pretoria
Meneer C. F. W. van Zyl, Kaapstad
Meneer J. A. Coetzee, Port Elizabeth
Meneer H. E. Thompson, Durban

(iii) Prokureurs-generaalafdeling:

Advokaat D. J. Rossouw, S.C., is met ingang van 1 Januarie 1980 aangestel as Prokureur-generaal, Kaapstad. Die volgende beamptes is aangestel as Adjunkprokureur-generaal:

ranks of prosecutors could not be retained in the magistrates' courts. Although there will still be interchangeability between the groups of Magistrate and Public Prosecutor, the new system creates a career with opportunities for promotion, which will make it possible to build up a body of skilled and experienced public prosecutors for the magistrates' courts.

(cc) The State Attorneys' Division

The most important change is the abolition of the post of Chief State Attorney and all posts of Deputy Chief State Attorney at branch offices. Instead, posts of State Attorney have been created, the occupants of which act as heads of the different offices. This innovation means that, subject to the necessary amendment of the State Attorney Act, 1957 (Act 56 of 1957), each State Attorney's Office will operate independently and will enjoy the full status of a State Attorney.

(dd) The State Law Advisers' Division

The recommended salary structure for the professional group of State Law Advisers has, in terms of the principle of occupational differentiation, been detached from that of other legal groups. The ranks of State Law Adviser and Senior State Law Adviser have further been combined to create a linked salary scale. Although the salary structure appears advantageous in the long term, it still creates short-term problems as it compares unfavourably with the opportunities for advancement of other legal groups. Attention is being given to the matter.

2.15 One of the problems which still required attention is the discouraging salary offered to recruits with legal qualifications and young officers acquiring such qualifications. If the beginner could be paid an acceptable salary, many problems, especially in regard to resignations, would be solved. This matter is currently receiving attention. The only non-legal group affected by the investigation is the court interpreters, for which important group of officers a more favourable salary structure was also recommended.

2.16 Important appointments made during the year under review are the following:

(i) Regional Court: The following Regional Court Presidents have been appointed:

Mr. L. L. A. McKay, Durban
Mr. M. J. Prins, Pretoria
Mr. C. B. van Zyl, Port Elizabeth
Mr. T. P. Roberts, Cape Town
Mr. L. V. de Kock, Johannesburg
Mr. C. P. J. Steytler, Bloemfontein

(ii) Magisterial Division: The following Chief Magistrates have been appointed:

Mr. J. A. van Dam, Johannesburg
Mr. P. G. Kühn, Bloemfontein
Mr. W. F. Krugel, Pretoria
Mr. C. F. W. van Zyl, Cape Town
Mr. J. A. Coetzee, Port Elizabeth
Mr. H. E. Thompson, Durban

(iii) Attorneys'-General Division:

Advocate D. J. Rossouw, S.C., was appointed Attorney-General, Cape Town, as from 1 January 1980. The following offices have been appointed Deputy Attorney-General:

Advokaat L. J. Roberts, S.C., Pietermaritzburg
Advokaat N. C. Gey van Pittius, S.C., Kimberley
Advokaat B. J. Schönfeldt, Pietermaritzburg
Advokaat K. M. Attwell, Pietermaritzburg
Doktor J. A. v. S. D'Oliveira, Pretoria
Advokaat H. F. van Zyl, Kaapstad
Advokaat J. A. Swanepoel, Pretoria
Advokaat H. C. de J. Slabbert, gesekondeer aan Bophuthatswana
Advokaat T. Fourie, Bloemfontein

Advocate L. J. Roberts, S.C., Pietermaritzburg
Advocate N. C. Gey van Pittius, S.C., Kimberley
Advocate B. J. Schönfeldt, Pietermaritzburg
Advocate K. M. Attwell, Pietermaritzburg
Doctor J. A. v. S. D'Oliveira, Pretoria
Advocate H. F. van Zyl, Cape Town
Advocate J. A. Swanepoel, Pretoria
Advocate H. C. de J. Slabbert, seconded to Bophuthatswana
Advocate T. Fourie, Bloemfontein

(f) AFDELING WERKSTUDIE

(i) *Meganisasie*

2.17 Ondersoek is ingestel na die vervanging van die rekenaarterminale by die Landdros- en Adjunkstaatsprokureurskantore te Johannesburg. Die vervanging daarvan is aanbeveel en nuwe terminale is reeds geïnstalleer. Daar is ook aanbeveel dat 'n addisionele rekenaarterminaal aan die Adjunkstaatsprokureurskantoor, Johannesburg, weens 'n toename in die werkvolume verskaf word. Die aanbeveling is aanvaar.

2.18 Die boekhoumasjien by die kantoor van die Adjunkstaatsprokureur, Bloemfontein, moes vervang word. 'n Aanbeveling dat 'n gerekenariseerde invorderingstelsel by die kantoor daargestel word, is aanvaar. 'n Rekenaar is aangekoop en die stelsel is in werking gestel.

2.19 Weens die toename in die werk is 'n addisionele rekenaarterminaal aan die Landdroskantoor, Pretoria, verskaf. Ondersoek is ook ingestel na die vervanging van die bestaande rekenaarterminale by die Landdros- en Staatsprokureurskantore, Pretoria. Daar word tans gewag op die lewering van die nuwe toerusting.

(ii) *Prosedure- en metode-ondersoeke*

